Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Colin Esau**
Direktoraat: Werknemerverhoudinge
Colin.Esau@westerncape.gov.za | 021 467 2846

Lêerno.: 3/3/4/2/2
Verwysing: 20230118-402

Omsendbrief: 0015/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Distriksamptenare, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by alle openbare skole

Kort opsomming: *Bekendstelling van die Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag, 2023.*

**Onderwerp: Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag**

1. **Inleiding**

1.1 Dade van seksuele misbruik en teistering wat leerders en werknemers teiken, skend hul inherente reg op gelykheid en waardigheid, asook toegang tot 'n veilige en gesonde omgewing, soos vasgelê in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

1.2 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) erken dat elkeen in die onderwyssektor 'n rol het om te speel om leerders sowel as werknemers in die werkplek te beskerm. Om hierdie rede is 'n enkele protokoldokument geskep wat prinsipale/toesighouers/bestuurders sal help om 'n gepaste en tydige respons op alle bewerings van seksuele misbruik en teistering in die werkplek te verseker.

1.3 Die protokoldokument is as Bylae A aangeheg.

2. **Doel**

Die doel van hierdie omsendbrief is om die tersaaklike punte van die Protokol vir die Bestuur en Aanmelding van Seksuele Wangedrag uit te lig. Opsommenderwys doen die protokol die volgende:

(a) Maak alle WKOD-werknemers bewus van die tersaaklike nasionale statutêre voorskrifte en beleidsbepalings van dit wat as seksuele misbruik en teistering in die

werkplek geklassifiseer word, asook hul verantwoordelikhede in die voorkoming en bestuur van sodanige voorvalle.

(b) Gee leiding oor die prosedure vir die hantering van bewerings van seksuele misbruik en teistering.

(c) Poog om te verseker dat opvoedkundige inrigtings, of dit skole of werkplekke is, vry is van alle vorme van seksuele misbruik en teistering.

3. **Verpligte aanmelding en openbaarmaking**

3.1 Elke persoon wat bewus word van seksuele misbruik het ’n ooreenstemmende plig en verantwoordelikheid om die saak onmiddellik aan te meld ingevolge die *Stop Misbruik-Protokol van die WKOD, 2014,* en by die Suid-Afrikaanse Polisiediens, soos beoog in die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), soos spesifiek gewysig deur Wet 13 van 2021.

3.2 Prinsipale/toesighouers/bestuurders moet die waardigheid van slagoffers beskerm. Alle aanmeldings/openbaarmakings moet met die grootste omsigtigheid, sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word om te verseker dat slagoffers teen enige verdere emosionele trauma, viktimisering en onnodige ondervraging ten opsigte van die geldigheid van die bewerings, beskerm word.

4. **Plig van die werkgewer**

Die WKOD, as die werkgewer, het ’n verantwoordelikheid om die nodige stappe te doen om seksuele wangedrag in die werkplek uit te roei, aangesien dit middellik aanspreeklik gehou kan word vir die gedrag van werknemers wat die oortredings begaan in voorvalle van seksuele misbruik en teistering.

5. **Vertroulikheid**

Ingevolge die voorskrifte van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), moet alle klagtes ondersoek word en, waar nodig, moet dissiplinêre optrede met die strengste vertroulikheid bestuur word terwyl daar terselfdertyd verseker word dat die regte van die persoon/persone wat geraak word en/of die klaer/klaers gehandhaaf word.

6. **Psigososiale ondersteuning**

Werknemers wat as gevolg van seksuele teistering emosionele, fisieke of sielkundige nood ervaar of onlangs ervaar het, word aangemoedig om die Werknemergesondheid-en-welstandprogram (WGWP) te raadpleeg vir ondersteuning en bystand. Op skoolvlak sal ’n leerder wat die slagoffer van seksuele wangedrag is deur ’n maatskaplike werker van die betrokke distrikskantoor ondersteun word.

7. **Keuringsproses**

U aandag word gevestig op Omsendbrief 0001/2023, gedateer 03 Maart 2023, oor die gewysigde proses vir die keuring van amptenare teen die Nasionale Register vir Seksoortreders, wat van toepassing is op alle amptenare van opvoedkundige inrigtings van die WKOD wat met leerders in aanraking is.

8. Nienakoming van die bepalings van hierdie protokol mag tot die instelling van gevolgebestuur lei.

9. Prinsipale/toesighouers/bestuurders moet die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers bring.

10. Alle nuwe werknemers moet bewus gemaak word van hierdie omsendbrief sodra hulle by een van die WKOD se opvoedkundige inrigtings aangestel word.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-04-06